Feite en Wenke

Met Komplimente van die Afrikaanse Onderwysnetwerk

Kreatiwiteit

AON
Afrikaanse Onderwysnetwerk

Kreatiwiteit is een van die een-en-twintigste-eeuse vaardighede omdat dit mense help om aanpasbaar te wees.

Dis een van die heel moeilikste en belangrikste vaardighede om kleintyd te ontwikkel.

Nota: Om kreatief te wees beteken nie noodwendig om kunstig te wees nie. ✖

www.aonetwerk.co.za

Geskryf namens die AON deur Lizette van Huyssteen van die Practica Program

+ Kreatiewe mense is gemaklik met nuwe idees en hulle kan op nuwe maniere dink om verskeie oplossings te vind.

Kreatiewe denke gebruik bestaande idees. Kreatiewe idees onstaan terwyl mense reeds bestaande begrippe kombineer en verbind.

Kreatiwiteit ontwikkel apart van intelligensie. Dis nie nodig vir iemand om 'n bogemiddelde intelligensie te hê om kreatief te wees nie.

Intelligensie is belangrik omdat dit 'n mens help om inligting te versamel en effektief te gebruik.

Kreatiwiteit is belangrik omdat dit funksioneer buite die voorspelbare raamwerk waarbinne IK funksioneer, deur losstaande idees te verbind.

Wat maak kreatiewe mense spesiaal?

• **Hulle werk harder** as ander mense om aan baie inligting oor 'n onderwerp blootgestel te word. Hulle lees meer, ontdek meer en doen meer ervaring op oor 'n spesifieke onderwerp.

• **Hulle dink meer na** oor hulle leerervarings en die praktiese implikasies van die dinge wat hulle oor 'n onderwerp leer. Hulle is diep en opreg in 'n onderwerp geïnteresseerd.

• **Hulle het meer selfvertroue** en is meer toegewyd wanneer hulle hul ervaring en kennis oor 'n onderwerp inspan om idees en oplossings te help skep. Dis omdat hulle weet dat hulle 'n ekspert is - hulle het baie belê en hulle ervaring laat die onderwerp maklik lyk.



Steve Jobs verduidelik: "Kreatiwiteit is bloot om dinge te verbind. As jy kreatiewe mense vra hoe hulle iets gedoen het, voel hulle effens skuldig, want hulle het dit nie regtig gedoen nie, hulle het iets raakgesien. Vir hulle het die antwoord ooglopend gelyk."

Hy brei verder uit:

"Dis omdat hulle in staat was om ervarings wat hulle gehad het met mekaar te verbind om aan nuwe dinge gestalte te gee. En die rede hoekom hulle dit kon doen, is óf omdat hulle meer ervarings gehad het, óf omdat hulle meer oor hulle ervarings nagedink het as ander mense."

Hierdie inligting omtrent die eienskappe van kreatiwiteit in die praktyk bied vir ons die ideale verwysingsraamwerk om te identifiseer hoe ons die grondslag van kreatiwiteit in die voreë kinderjare kan lê.

Wenke

\+ Leer jou kinders van jongs af om in onderwerpe geïnteresseerd te wees, na te dink oor wat hulle weet en menings te lig.

• **Bespreek hoe dinge verbeter kan word.**
Voorbeelde van vrae sluit in:

- Wat sal lekkerder proe as dit soeter is?
- Wat sal mooier wees as dit kleiner is?
- Wat sal meer prettig wees as 'n mens dit vinniger kan doen?
- Wat sal beter werk as dit minder raas?
- Watter dier sal gelukkiger wees as dit groter kon wees?

• **Bespreek verskillende maniere waarop items gebruik kan word.**
Voorbeelde van vrae sluit in:

- Op hoeveel verskillende maniere kan 'n tandeborsel gebruik word?
- Op hoeveel verskillende maniere kan 'n papierbord gebruik word?

• **Bespreek hoe items dieselfde of verskillend is.**
Voorbeelde van vrae sluit in:

- Hoe is 'n stoof en 'n verwarmer dieselfde/verskillend?
- Hoe is 'n hond en 'n kat dieselfde/verskillend?
- Hoe is 'n hemp en 'n hoed dieselfde/verskillend?

• **Vra vrae wat jou kind prikkel om meer inligting in te win.**
Voorbeelde van vrae sluit in:

- Wat woon alles in bome?
- Watter kleure kan die lug wees?
- Hoe maak 'n mens ___ ?

• **Bespreek verskillende maniere waarop probleme opgelos kan word.**
Voorbeelde van vrae sluit in:

- Wat sal jy doen as jy in 'n supermark wegraak?
- Hoe kan ons jou verjaarsdagpartytjie/ skottelgoedwas/badtyd meer pret maak?
- Wat kan ons doen om mense wat by kruisings vir geld vra te bemoedig?
- Kan jy 'n lekker speletjie uitdink wat ons in die tuin/kombuis/motor kan speel?
- Wat kan ons gebruik om vir ons kartonhuis 'n deur te maak?